



Liberale teologie deur die eeue

Daar word gereeld gewaarsku teen 'n "nuwe" liberale teologie in die kerk en die gevare wat dit inhou. Om egter daarteen bedag te wees, moet ons verstaan wat werklik daarmee bedoel word en waar dit vandaan kom. Die term "liberaal" word tipies geassosieer met sinonieme soos vrysinnig, verlig en onbevooroordeeld. Dit word geplaas teenoor "konserwatief", waarmee ons bedoel om behoudend te wees en aan die ou idees en gebruike vas te hou. Indien ons deesdae van teologiese liberalisme praat, bedoel ons nie net 'n denkwysie nie, maar verwys ons ook na 'n geskiedkundige beweging wat die onbekende probeer verklaar. Die filosofiese beginsel van naturalisme staan sentraal in die ontstaan van teologiese liberalisme. Filosofies poog naturalisme om alles te verklaar aan die hand van alledaagse natuurlike prosesse sonder enige bydrae van bonatuurlike krag of mag. Bonatuurlike (Goddelike ingryping) en geestelike elemente word ontken en dra nie by tot die mens se verstaan van homself en sy wêreld nie.

Die teologiese liberalisme waarmee ons vandag te doen het, het sy wortels in die 19de eeu met die herontwaking van liberalisme. Reeds in die vroeë 1800's het Friedrich Schleiermacher die siening dat die kerk moet aanpas by die gees van die tyd gepropageer. Dit was die keerpunt ná die Era van Rede wat met die reformasie ontstaan het - en die aanloop tot postmodernisme. Met sy siening dat die kerk moet aanpas by die

kulturele omstandighede, kan Schleiermacher die vader van die moderne Protestantse Liberalisme genoem word. Die liberale teologie verwerp gebeure in die Skrif wat as wonderwerke deur die ingryping van God beskryf word, as naïewe mites. Tipies word Jesus se wonderwerke as óf kulkuns óf metaforiese etiese lesse afgemaak. Die wonderwerk van vermeerdering van die brood word deur hulle afgemaak as kulkuns deur bedrieëry, waar Christus se dissipels versteekte brood en vis in 'n grot gehad het wat in die geheim en met oëverblindery deur die dissipels vir Jesus aangegee was om aan die skare uit te deel. Alternatiewelik word vertel dat Jesus die skare geïnspireer het tot barmhartigheid deur hulle te oortuig om die kos wat hulle saamgebring het te deel met dié wat nie gehad het nie. Net so word beide Christus se maagdelike geboorte sowel as Sy opstanding verwerp en word daar gepoog om dit deur metaforiese en naturalistiese interpretasies te verklaar. Hierdeur word Christus se Godheid sowel as die Bybel se Goddelike inspirasie verwerp.

Teologiese liberalisme manifesteer deur 'n verskeidenheid van dwalinge wat strek van die ontkenning van God en die verheffing van die mens tot sy eie redder, tot die standpunt dat regverdigmaking verdien en behou moet word deur werke. Ons kan voorbeelde van teologiese liberalisme regdeur die kerk se geskiedenis sien.

Reeds in die Ou Testament, in Eksodus 32, sien ons hoe Israel die lewende God

verwerp en vir hulself 'n tasbare afgod geskep het met die maak van die goue bulkalf. Daarna sien ons in 1 Samuel 8 hoe Israel God se direkte heerskappy deur Sy profete verwerp en aandring op 'n aardse regeerder soos die ander volke. Hierdie is slegs twee voorbeelde van teologiese liberalisme uit die Ou Testament waar God se volk nie tevrede was om hulle in gehoorsaamheid te onderwerp aan God se voorskrifte en leiding nie. Hulle wou “vernuwe” volgens die standarde van die samelewing van daardie tye. In beide die gevalle is God se soewereiniteit en absolute hoofskap oor Sy uitverkosenes verwerp en ondergeskik gestel aan hulle behoeftes. Hoeveel kerke van vandag staan nog ten volle by 'n werklik suiwer Bybelse begrip van Christus as die hoof van Sy kerk? In hoeveel gevalle het, met die najaag van die liberale teologie, individue in moderamens, kommissies en pouskappe vandag hierdie rol as hoof van die kerk oorgeneem?

In 1 Samuel 2 lees ons hoe die priesters Hofni en Pinehas God se voorskrifte oor die offerhande (en daardeur hulle aanbidding tot God) ter wille van hulle eie aardse gemak en genietinge vervang het met hulle eie reëls. In 1 Samuel 13 sien ons hoe Saul God se voorskrifte vir offers en aanbidding verontagsaam ter wille van die eenheid van die volk – om hulle nie te laat wegloop nie. In die eerste geval is God se voorskrifte vir aanbidding vir eie gewin aangepas en in die geval van Saul ter wille van die behoud van getalle. Ongeag die motivering, die gevolg is dieselfde: die kerk verloor die respek (vrees) vir God – soos gestel word in 1 Sameul 2:17 “...daardeur het die mense

hulle agting vir die offer van die Here verloor”. Vandag sien ons steeds kerke en gemeentes wat ter wille van die najaag van lidmaat-getalle suiwer Bybelse dogmas versak en eerder liberale liturgieë, waar God nie meer sentraal staan nie, implementeer.

In die Nuwe Testament lees ons van die skrifgeleerdes en Joodse Raad wat alternatiewe teorieë oor Christus se opstanding probeer versprei (Mattheus. 28:12-13 “*hulle die soldate baie geld gegee en gesê: Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was*”). Selfs in die kerk lees ons van diegene wat ander met die leuen probeer mislei (1 Johannes 2:4 “*lemand wat sê: “Ek ken Hom,” maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie*”). Menige teoloë en predikante hang vandag die liberale sienings van die “Jesus Seminar” aan waarin Christus se maagdelike geboorte en fisiese opstanding uit die dood ontken word. 'n Nuwe geslag teologiese studente word dan ook aan hierdie saligheidsdwalinge tydens hulle opleiding blootgestel.

Reeds in die tweede eeu na Christus probeer Marcion van Sinope (85-160 nC) met sy samestelling van 'n eerste selektiewe kanon 'n nuwe humanistiese beeld van God skep. Hierdeur probeer Marcion onderskeid tref tussen 'n toornige Hebreeuse God in die Ou Testament en 'n **nuwe** God van humanistiese liefde in die Nuwe Testament wat universele redding gee. In teenstelling hiermee is die volledige kanon soos ons dit vandag in die Bybel ken deur kerkvaders soos Tertullian en

andere aanvaar. In die vierde eeu het Pelagius (360 - 418 nC) die mens se eie vermoë om tot God te nader en sy eie saligheid deur humanistiese werke te verkry, verkondig. Hierteen het kerkvaders soos Augustinus, wat vasgehou het aan die suiwer Bybelse leer dat die mens nie op sy eie tot God kan nader nie en dat ons redding afhanklik is van God se genade, gestry.

Deur die loop van die daaropvolgende eeue het die Rooms Katolieke Kerk stelselmatig verval tot 'n staat waar saligheid deur werke verkry moet word en nie alleen deur geloof en genade nie. Met die reformasie het 'n era van rede en terugkeer na die begrip *sola Scriptura* aangebreek. Selfs in die tyd kort na die reformasie was daar 'n aanslag op suiwer teologie deur liberale humanistiese teologiese dogmas van Jacobus Arminius wat lynreg staan teenoor die dogmas van die reformasie. Die Dortse Leerreëls is in 1618 - 1619 opgestel as teologiese verweer teen hierdie dwalinge. Verskeie denominasies soos die Metodiste, Sewendedaagse Adventiste en Charismatiese bewegings hang steeds hierdie Arminianistiese leringe aan.

Sedert Schleiermacher se vestiging van moderne teologiese liberalisme in die 19de eeu was daar 'n stelselmatige intensifisering van die liberale aanslag teen die kerk. Daar is 'n al hoe groter dryfkrag onder die liberaliste om Christenskap te vervorm om aan te pas by moderne wetenskaplike denke. Met die samelewing se aanvaarding van

Charles Darwin se teorieë oor makro-evolusie word die outoriteit van die Skrif, veral gedeeltes soos die skeppingsverhaal in Genesis, deur die liberale agenda as wetenskaplik onrealisties afgemaak en bevraagteken. Rudolf Bultman (1884 - 1976) met sy sienings oor die historiese Jesus en verwerping van die voorbestaan van Christus, was moontlik een van die liberale teoloë van die twintigste eeu wat die grootste invloed op die Protestantse teologiese opleiding in Suid-Afrika gehad het.

Die aanslag van Liberale teologie het geensins verslap nie en vandag moet ons juis waaksaam wees daarteen. Om opgewasse te wees teen hierdie aanslag moet ons onself egter met kennis bewapen en geestelik groei. (Efesiërs 4:14 "*Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.*") Ons moet ook voortdurend bid en vertrou dat ons met die hulp van die Heilige Gees die bedreigings sal kan oorkom (1 Johannes 4:6 "*Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei.*").

- JdR (jaco@geloofsbond.org.za)